LIMPOPO
PROVINCIAL GOVERNMENT
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE V1

SEPTEMBER 2022

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye,
'n formuleblad en 'n 9 bladsy-antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord ALLE vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin jy al die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Maatskappy Finansiële State: Inkomste, Ekwiteit & Laste	50	40
2	Aandelekapitaal, Behoue inkomste en Kontantvloeistaat	50	40
3	Vertolking van Finansiële Inligting	35	30
4	Korporatiewe Bestuur en Ouditverslag	15	10
TOTAAL		**150**	**120**

VRAAG 1: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE: INKOMSTE, EKWITEIT & LASTE
(50 punte; 40 minute)

CALOCA BEPERK

Die inligting het betrekking op Caloca Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2021.
Die rekenmeester van Caloca Bpk, Luca, het 'n netto wins voor belasting van R 1 738 780 bereken. Tydens die interne oudit is ontdek dat die netto wins voor belasting verkeerd is aangesien nie al die aansuiwerings in ag geneem is nie.

GEVRA:
Verwys na Inligting A–C.

1.1 Bereken die korrekte netto wins na belasting vir die jaar geëindig 31 Desember 2021. Dui '+' vir toename en '–' vir afname aan. (24)

1.2 Berei die nota vir Handels- en ander betaalbares op 31 Desember 2021 voor. (12)

1.3 Voltooi die Ekwiteit en Laste-afdeling van die Staat van Finansiële Posisie op 31 Desember 2021, hul finansiële jaareinde. Ander nota's tot die Staat van Finansiële Posisie word NIE vereis nie. (14)

INLIGTING:

A Caloca Bpk is gemagtig om 300 000 gewone aandele uit te reik.
Altesaam 188 000 aandele was op 31 Desember 2021 uitgereik.

B Die volgende lys saldo's het in die boeke van Caloca Bpk verskyn op 31 Desember 2021, VOORDAT die addisionele aansuiwerings hieronder in ag geneem is.

	R
Gewone aandelekapitaal	4 700 000
Behoue inkomste (1 Januarie 2021)	580 000
Lening: CU Soon Bank	880 000
Grond en geboue	3 450 000
Toerusting	2 950 000
Opgehoopte waardevermindering op Toerusting	425 000
Handelsvoorraad	1 240 000
Debiteure kontrole	490 000
Voorsiening vir oninbare skulde (1 Januarie 2021)	18 940
Vooruitbetaalde uitgawes	4 800
Opgelope inkomste	6 820
SAID: Inkomstebelasting (Dr)	313 500
Krediteure kontrole	68 000
Opgelope uitgawes	1 400
Inkomste vooruit ontvang	15 000
Bank (Kr)	28 000
Netto wins voor belasting	1 738 780

C Die volgende aansuiwerings en bykomende inligting is NIE oorweeg toe die netto wins voor belasting van R 1 738 780 bereken is nie.

- Met die hersiening van die verbetering in die “stadig betalende debiteure” is besluit om die voorsiening vir oninbare skulde tot R 13 640 te verminder.

- Volgens die wins-en-verliesrekening sluit versekering 'n jaarlikse premie van R 58 680 in wat op 1 Maart 2021 betaal is.

- Luca het vergeet om die rente van die leningstaat aan te teken.
  Rente word NIE gekapitaliseer nie.
  Die bepalings van die leningsooreenkoms vereis 'n R 240 000 kapitaal terugbetaling elke jaar.
  Die leningstaat het die volgende getoon:

Saldo op 1 Januarie 2021	R 1 120 000
Terugbetalings (kapitaal en rente)	R 319 200
Saldo op 31 Desember 2021	R 880 000

- Op 31 Desember was die huurinkomste ingevorder R 109 800. Dit sluit huur vir Januarie en Februarie 2022 in. Die huur is op 1 Julie 2021 met 8% verhoog.

- Toerusting:
  - Toerusting word teen 20% p.j. gedepresieer deur die verminderende saldo-metode te gebruik.
  - Die rekenmeester het verkeerdelik die waardevermindering op die kosprysmetode bereken teen 20% en die bedrag van R 390 000 vir waardevermindering na die algemene grootboek oorgeboek. Maak die fout reg.
  - Bykomende Toerusting; R 1 000 000 kosprys, is aangekoop op 31 Desember 2021 en korrek aangeteken.

- Inkomstebelasting word bereken teen 30% op wins.

- 'n Finale dividend van 50 sent per aandeel is verklaar op 31 Desember 2021. GEEN tussentydse dividend is gedurende die finansiële jaar betaal nie.

50

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

VRAAG 2: AANDELEKAPITAAL, BEHOUE INKOMSTE & KONTANTVLOEISTAAT
(50 punte; 40 minute)

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1-2.1.4) in die Antwoordeboek neer.

2.1.1 'n Kontantvloeistaat dui die wins wat 'n maatskappy maak aan.

2.1.2 Dit is die verantwoordelikheid van die direkteure om te verseker dat die finansiële state korrek opgestel is.

2.1.3 Die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) verskaf geloofwaardigheid in die globale ekonomie aan finansiële state.

2.1.4 Beheermaatreëls vir die rekeningkundige prosedures van 'n maatskappy word deur die eksterne ouditeur vasgestel.

(4 x 1) (4)

SESHOENE BEPERK
Jy word voorsien van inligting wat verband hou met Seshoene Beperk, 'n publieke maatskappy.

GEVRA:
Verwys na Inligting A–C.

2.2 Berei die volgende notas tot die Staat van Finansiële Posisie voor op 31 Augustus 2022:

2.2.1 Gewone aandelekapitaal (9)
2.2.2 Behoue inkomste (9)

2.3 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Augustus 2022. (23)

2.4 Een van die direkteure, Mpho Machete, besit tans 48% van die uitgereikte aandele. Die direksie het besluit om al die onuitgereikte aandele gedurende Desember 2022 uit te reik.

Bereken die minimum aantal aandele wat Mpho moet koop tydens Desember 2022 om beheer oor die maatskappy te verkry. (5)

INLIGTING:

A Inligting uit die Staat van Omvattende Inkomste op 31 Augustus 2022:

Waardevermindering	580 000
Rente op lening	126 000
Netto wins na belasting	1 400 000
Inkomstebelasting	20% van die netto wins

B Inligting uit die Staat van Finansiële Posisie op 31 Augustus:

	2022	2021
Bates		
*Vaste bates teen drawaarde	9 422 750	7 558 750
Vaste deposito	40 000	70 000
Bedryfsbates	1 463 400	1 588 000
Voorraad	316 900	239 100
Handels- en ander ontvangbares *(sien nota 1)*	1 137 500	1 194 900
Kontant en kontantekwivalente	9 000	154 000
Ekwiteit en Laste		
Gewone aandeelhouersbelang	9 000 000	6 978 750
Gewone aandelekapitaal	?	5 600 000
Behoue inkomste	?	1 378 750
Nie-bedryfslaste: Lening: Top Bank	1 000 000	1 835 000
Bedryfslaste	891 150	618 000
Handels- en ander betaalbares *(sien nota 2)*	777 150	618 000
Oortrokke bankrekening	114 000	0

***Vaste bates:**
Toerusting is gedurende die finansiële jaar aangekoop.
'n Ou voertuig is teen boekwaarde verkoop; R 165 000 op 31 Mei 2022.

	Handels- en ander ontvangbares	2022	2021
NOTA 1:	Handelsdebiteure	1 137 000	1 180 000
	Opgelope inkomste	500	6 000
	SAID: Inkomstebelasting	-	8 900
		1 137 500	**1 194 900**

	Handels- en ander betaalbares	2022	2021
NOTA 2:	Handelskrediteure	241 000	325 000
	Opgelope uitgawes	15 000	13 000
	SAID: Inkomstebelasting	12 400	-
	Aandeelhouers vir dividende	508 750	280 000
		777 150	**618 000**

C Bykomende inligting:

Aandelekapitaal:
Die volgende verwys na die aandelekapitaal van Seshoene Beperk.
Die boekhou-inskrywings vir die verkoop en terugkoop van aandele is korrek aangeteken.

- Gemagtigde aandelekapitaal is 1 450 000 aandele.
- Op 31 Augustus 2021, die laaste dag van die vorige finansiële jaar, was 800 000 aandele uitgereik.
- Altesaam R 2 800 000 is ontvang vir 200 000 nuwe uitgereikte aandele op 1 April 2022.
- Die maatskappy het aandele op 31 Julie 2022 teen R18.00 van 'n aandeelhouer teruggekoop. Hierdie aandele kwalifiseer nie vir finale dividende nie.
- Op 31 Augustus 2022 het die maatskappy 925 000 uitgereikte aandele gehad.

Dividende:

Finale dividend op 31 Augustus 2021	35 sent per aandeel
Tussentydse dividend op 28 Februarie 2022	40 sent per aandeel
Finale dividend op 31 Augustus 2022	R 508 750 vir alle aandele.

50

VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING (35 punte; 30 minute)

SON BPK EN MAAN BPK
Gary het R 1 miljoen geërf. Hy volg al vir ‘n ruk lank die finansiële vordering van **SON BPK** en **MAAN BPK** as moontlike beleggings vir sy erfporsie.
Gary het jou kundige advies nodig om te besluit watter maatskappy die beste is om in te belê.

Jy word voorsien van die finansiële inligting van beide maatskappye vir die afgelope twee jaar.
LET WEL: Waar kommentaar of verduidelikings gevra word, haal finansiële aanwysers, syfers en tendense aan om jou antwoord te staaf.

GEVRA:

VERWYS NA INLIGTING A & B:

Bereken die volgende vir **SON BPK** vir die jaar geëindig Augustus 2022:

3.1
- Vuurproefverhouding
  LET WEL: Die bedryfsverhouding is 1,4:1 (5)
- Skuld-Ekwiteitverhouding (3)
- Persentasie opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) (5)

3.2 Verduidelik watter maatskappy die beste beheer oor bedryfskapitaal het. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan om jou mening te staaf. (4)

3.3 Gary bevraagteken hoekom daar hierdie jaar 'n verskil is in die dividenduitbetalingskoers van **MAAN BPK.** Haal syfers aan om die verskil in die dividenduitbetalingskoers te illustreer. Bespreek hoekom jy dink **MAAN BPK.** op die verandering in beleid besluit het en die effek daarvan. (4)

3.4 ***Son Bpk sal Gary 'n beter opbrengs op belegging gee as Maan Bpk.***
Stem jy saam met bogenoemde stelling?
Haal finansiële aanwysers en bykomende syfers aan om jou antwoord te staaf. (4)

3.5 Gestel jy is 'n bankbestuurder en **MAAN BPK.** het om 'n lening aansoek gedoen van R250 000 vanaf jou tak op 1 September 2022. Sou jy die lening toestaan? Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan om jou antwoord te staaf. (5)

3.6 Lewer kommentaar op die markpryse van die aandele van ELKE maatskappy en identifiseer watter maatskappy meer tevrede sal wees. Haal tendense en syfers of finansiële aanwysers aan om jou mening te ondersteun. (5)

INLIGTING:

A. Uittreksels uit die rekeningkundige rekords aan die einde van elke jaar:

	SON BPK		MAAN BPK	
	Augustus 2022	**Augustus 2021**	**Augustus 2022**	**Augustus 2021**
Handelsvoorraad	604 000	523 000	469 000	388 000
Bedryfslaste	759 000	679 800	894 000	862 800
Gewone aandeelhouersbelang	6 407 800	5 581 000	5 522 500	6 349 300
Lening	965 000	1 315 000	4 880 000	2 880 000
Netto wins voor belasting	1 484 000		799 000	
Netto wins na belasting	1 188 800		503 800	

B. Finansiële aanwysers, rentekoers en markprys van aandele:

	SON BPK		MAAN BPK	
	Augustus 2022	**Augustus 2021**	**Augustus 2022**	**Augustus 2021**
Skuld-ekwiteitverhouding	?	0,2:1	0,9:1	0,5:1
Gemiddelde debiteure-invorderingstydperk	28 dae	35 dae	58 dae	42 dae
% opbrengs op kapitaal aangewend	26%	22%	11,5%	14%
Rentekoers op vaste deposito	8%	8%	8%	8%
Gemiddelde krediteure-betalingstydperk	81 dae	81 dae	103 dae	95 dae
Voorraadhoudingstydperk	35 dae	48 dae	102 dae	98 dae
Markprys van aandele	650c	620c	580c	530c
% opbrengs op aandeelhouersbelang	?	15,5%	8,5%	9,5%
Netto batewaarde per aandeel	1 050c	980c	340c	310c
Rentekoers op lenings	12%	12%	12%	12%
Verdienste per aandeel	990c	680c	200c	510c
Dividend per aandeel	456c	428c	190c	271c
Dividenduitbetalingskoers	46%	63%	95%	53%

35

VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR EN OUDITVERSLAG (15 punte; 10 minute)

4.1 Pas die fiktiewe koerantopskrifte in kolom A by die mees gepaste aspek van Korporatiewe Bestuur in kolom B. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK.

KOLOM A: KOERANTOPSKRIF		**KOLOM B: ASPEK VAN KORPORATIEWE BESTUUR**	
4.1.1	Rock Bpk. se HUB ken R 5 miljoen tender aan sy vrou se maatskappy toe.	A	Korporatiewe burgerskap
4.1.2	Rock Bpk. onder tydelike toesig geplaas.	B	Konflik van belange
4.1.3	H2O Bpk. skenk duisende liters drinkwater aan Ekurhuleni munisipaliteit na vloedramp.	C	Standaarde vir direkteure se gedrag
4.1.4	HUB van Rock Bpk. uitgevang na dronkbestuur op N1.	D	Besigheidsredding

(4 x 1) (4)

KAZUZA BPK.
GEVRA:

4.2 **VERWYS NA DIE ONDERSTAANDE INLIGTING.**

4.2.1 Daar is drie tipes ouditverslae. Verwys na die **INLIGTING** verskaf. Identifiseer watter tipe ouditverslag deur die eksterne ouditeur uitgereik is en verduidelik waarom aandeelhouers bekommerd sal wees oor hierdie tipe verslag. (3)

4.2.2 Adviseer die boekhouer van Kazuza Bpk met die korrekte behandeling van die Direkteure se vergoeding in die Inkomstestaat. Noem die toepaslike AARP-beginsel in jou verduideliking. (4)

4.2.3 Marley Smith was die afgelope twee jaar die eksterne ouditeur van Kazuza Bpk. Sy het onlangs met die eienaar en HUB van Kazuza Bpk, Neil Nelson, getrou.
Verduidelik hoekom en hoe dit Marley se posisie as eksterne ouditeur sal beïnvloed. (4)

INLIGTING:

Die eksterne ouditeure van Kazuza Bpk. het die volgende ouditverslag saamgestel:

Ons het die finansiële jaarstate van Kazuza Bpk vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022 geoudit. Die oudit is uitgevoer in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word.

Gedurende die loop van ons oudit het ons vasgestel:
Direkteure se vergoeding is ingesluit by Salarisse en Lone in die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) en kon nie akkuraat geverifieer word nie.

Weens die belangrikheid van die bogenoemde kwessie kon ons nie voldoende ouditbewyse bekom om 'n ouditmening te verskaf nie. Gevolglik spreek ons nie 'n mening uit oor die finansiële state van Kazuza Bpk. vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022 nie.

Marley Smith GR (SA)
Marley & Vennote
Geregistreerde ouditeure
Polokwane
10 April 2022

15

TOTAAL: 150

GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates **:** Totale laste	Bedryfsbates **:** Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste	Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	

LET WEL:

* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou